# 18. Afskeid van Galilea

**Mattheus 17: 1 tot Mattheus 18: 35;**
**Markus 9: 38 - 41; Lukas 9: 28; Johannes 7: 1 - 9**

### Jesus as koning gehuldig

God gee aan Jesus alle mag in die hemel en op aarde. Daarom word Hy as koning oor alle dinge gehuldig. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God bevestig vanuit die hemel dat Jesus sy Seun is.
- Ook Satan en sy engele moet aan die Here Jesus gehoorsaam wees.
- Jesus leer sy volgelinge om sy koningskap in alle fasette van die lewe te erken en te huldig.

## Jesus se lydenstyd in Jerusalem nader

Die laaste maande in Kapernaum kan die Here Jesus nie meer rustig woon en werk nie. Die menigte uit die volk het Hom die rug toegekeer, omdat Hy nie wou toelaat dat hulle Hom koning maak nie. Verder soek Herodes en die Fariseërs sy bloed, maar sy tyd om te ly en te sterwe het nog nie gekom nie. Daarom trek Hy Hom terug na afgesonderde streke om meestal net sy dissipels te leer. Nou kom daar egter 'n keerpunt: Hy beweeg doelbewus in die rigting van Jerusalem. Van die noorde by Cesarea-Filippi gaan Hy nog vir die laaste keer deur Kapernaum waar Hy soveel wonders gedoen en baie gepreek het.

## Jesus op die berg van verheerliking

Nog in die gebied van Cesarea-Filippi het die Here Petrus, Johannes en Jakobus saamgeneem en op 'n hoë berg geklim om te bid. Op die berg sonder Jesus Hom van die drie dissipels af vir gebed. Terwyl Hy besig is om te bid, verander Hy van gedaante en word sy Goddelike heerlikheid vir 'n kort

tydjie sigbaar.[137] Sy gesig blink soos die son en sy klere is skitterwit sodat dit lig uitstraal. Die belydenis van Petrus dat Hy die Seun van die lewende God is, word bevestig deur wat die dissipels nou voor hulle oë sien gebeur.

By Jesus verskyn twee manne, Moses en Elía, in heerlike gedaante. Hulle praat met Hom oor wat in Jerusalem met Hom gaan gebeur: sy gevangeneming, dood en opstanding.

Moses was die man wat die uittog van Israel uit Egipte na die beloofde land gelei het. Aan die einde van sy lewe het hy self 'n onverklaarbare eksodus (uittog) gehad deurdat God hom in 'n onbekende graf begrawe het.[138] Ook Elía het 'n bomenslike eksodus gehad deurdat God hom met 'n vurige wa na die hemel geneem het.[139] Binnekort sal Jesus 'n nog vreemder eksodus ondergaan. Dit sal deur die kruisdood lei na die opstanding en hemelvaart. Nou kom Moses en Elía Hom bystaan, en daarby herinner hul verskyning die dissipels aan wat met hierdie twee gebeur het, sodat hulle Jesus se dood, opstanding en hemelvaart beter sal kan verstaan.

## Die verheerliking op die berg

Ons moet die twee sien as verteenwoordigers van die openbaring van God in die Ou Testament. Moses verteenwoordig die wet en Elía die profete. Jesus het gekom om die wet en die profete te vervul.[140] Dit beteken dat Hy die lydensweg moet gaan om só die werk wat die groot verteenwoordigers van die wet en die profete begin het, te voltooi.

Deur hierdie heerlike verskyning versterk sy Vader vir Jesus in 'n groot mate. Sy dissipels het intussen aan die slaap geraak. Toe hulle wakker word, is hulle verbaas en verwonderd om sy heerlikheid en die twee profete te sien. So 'n heerlikheid het hulle nog nooit beleef nie! Petrus wil dadelik vir hulle drie hutte maak, een vir Jesus en een vir Moses en een vir Elía.

---

137 2 Pet. 1:17 — want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

138 Deut. 34: 5 en 6 — Toe het Moses, die kneg van die HERE, daar gesterwe in die land Moab, volgens die bevel van die HERE. En Hy het hom in die dal in die land Moab, teenoor Bet-Peor, begrawe; en niemand het tot vandag toe sy graf geken nie.

139 2 Kon. 2: 11 — En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.

140 Matt. 5: 17 — Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Hoe graag sal Petrus daar wil bly, maar hy begryp nie dat daar vir Jesus en alle gelowiges 'n baie groter heerlikheid wag ná die Here se kruisdood nie. Terwyl Petrus nog besig is om te praat, verskyn daar 'n helderligte wolk wat Moses en Elía oordek.

Die wolk is die teken van die openbarende en tog verborge teenwoordigheid van God. Hulle hoor uit die wolk 'n stem wat sê: "Dit is my geliefde Seun; luister na Hom!"

En dan staan hulle alleen met Jesus op die berg - die heerlike verskyning is verby. Toe hulle later van die berg afklim, beveel Jesus hulle om niemand van die gesig te vertel voordat Hy uit die dode opgewek is nie. Vir die tweede keer praat Jesus van sy dood, maar die dissipels waag dit nie om Hom daaroor uit te vra nie. Dit maak hulle net baie bedroef.

## Die gesprek oor Elía

Die dissipels loop stil langs Jesus, maar in hul gedagtes is daar baie vrae.

Reeds by 'n vorige geleentheid het Jesus daarop gewys dat Johannes die Doper die Elía is wat sou kom.[141] Hy is deur die volk nie as sodanig erken nie, maar deur die leiers van die volk veronagsaam en die volk self het hom laat vereensaam. Hy is gevange geneem en deur Herodes vermoor. Só het dit met hom gegaan, daarin was hy inderdaad die voorganger van die Messias.

Daarmee kry hulle nog 'n bewys dat Jesus die Messias is.

## Genesing van die maansiek kind

Toe hulle aan die voet van die berg kom, kom 'n groot skare Hom tegemoet. 'n Man uit die skare roep na Hom om tog na sy enigste seun te kyk omdat hy maansiek is. Hy het die dissipels gesoebat om hom te genees, maar hulle kon nie. Jesus berispe sy dissipels oor hulle ongeloof en noem hulle 'n verdraaide geslag, wat Hy al so lank moet verdra.

Op Jesus se bevel bring die pa sy seun na Hom, maar die bose gees verset hom deur die seun te gryp en neer te gooi sodat hy met skuim in die mond rondrol. Hiervan neem Jesus skynbaar geen notisie nie, maar Hy vra die pa

141 Matt. 11: 13 en 14 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom.

hoe lank die dinge al met die seun gebeur. Die seun se pa vertel hoe dit van sy kinderdae af is, dat die gees hom dikwels in water en vuur laat val om hom dood te maak en pleit by Jesus om Hom tog te ontferm oor sy kind. Op die vraag van die pa antwoord Jesus dat alle dinge moontlik is vir die een wat glo. Dadelik roep die vader met trane uit dat hy glo, maar tog ook twyfel. Hy vra vir Jesus om hom in sy twyfel te help. Daarop genees die Here die seun.

Sy dissipels vra later vir die Here waarom hulle nie die seun kon genees nie, waarop Hy antwoord dat hul onmag in hul ongeloof lê. As hul geloof maar so groot soos 'n mosterdsaad is, sal dinge wat menslik onmoontlik lyk, vir hulle moontlik word. Die mosterdsaad is die kleinste saad, maar besit die innerlike krag om tot iets groots te ontwikkel. So moet die geloof ook wees. Al lyk dit gering, besit dit tog die innerlike vermoë om groot dinge tot stand te bring.[142] Wat die bose geeste betref, verklaar die Here dat hulle slegs deur gebed uitgedryf kan word.

## Die tempelbelasting

Terug uit Cesarea-Filippi gaan die Here na Kapernaum. Op die pad het Hy vir die derde keer gesê, dat die mense Hom sal doodmaak en dat Hy op die derde dag sal opstaan. Die dissipels verstaan nie wat Hy bedoel nie, maar hulle vra Hom nie verder uit nie.

Dit duur ook nie lank nie of die invorderaars van die tempelbelasting kom op die Here se spoor. Elke Jood bo 20 jaar moet jaarliks 'n tempelbelasting van 'n didragme of halwe sikkel betaal.[143] Gewoonlik word die belasting in Jerusalem afgegee deur die mense wat daar die Paasfees gaan vier. Daarvoor is die geldwisselaars in die tempel.[144] Diegene wat nie na die Paasfees opgegaan het nie, word plaaslik aangespreek deur die invorderaars van die tempelbelasting.

---

142 Mark. 11: 23 Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur-hy sal verkry net wat hy sê.

143 Eks. 30: 13 Dit moet hulle gee, elkeen wat na die geteldes oorgaan: 'n halfsikkel volgens die sikkel van die heiligdom - die sikkel is twintig gera-'n halfsikkel as offergawe aan die HERE.

144 Matt. 21: 12 En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.

Aangesien Jesus van die Paastyd af in die noorde van Galilea rondgetrek het, was daar geen geleentheid om die belasting te betaal nie. Noudat Hy in Kapernaum terug is, vra die invorderaars aan Petrus of hulle Meester nie die tempelbelasting betaal nie. Petrus antwoord bevestigend, maar toe hy die huis ingaan, verduidelik Jesus aan hom dat Hy in werklikheid nie nodig het om die tempelbelasting te betaal nie, omdat Hy die Seun van God is.

Dit is egter deel van sy vernedering en lyding dat Hy hier op aarde soos 'n gewone mens behandel word en daarom beskou word as een wat aan die tempel belastingpligtig is. Om dus nie aanstoot te gee nie, stuur Jesus vir Petrus see toe. Hy moet 'n hoek uitgooi en die eerste vis wat opkom vat en sy bek oopmaak. Hy sal 'n muntstuk in die vis se bek kry, dit moet hy aan die invorderaars gee om vir homself en vir Jesus se belasting te betaal.

## Die vernaamste in die koninkryk van die hemele

Terwyl Jesus in die omgewing van Kapernaum op pad is, begin die dissipels onder mekaar praat oor die moontlike plek wat hulle in die koninkryk van die hemele sal beklee. Toe hulle by die huis in Kapernaum inkom, vra die Here vir sy dissipels waaroor hulle op pad met mekaar gestry het. Hulle ontwyk Hom en antwoord nie op die vraag nie. Eindelik roep Hy hulle na Hom toe en begin praat oor die vraag wie die grootste in die koninkryk van die hemele is.

Die eerste les wat hulle moet leer, is dat volkome ander waardes in die koninkryk van die hemele van toepassing is as hier op aarde. Die eerste is nie die grootste nie, maar die laaste, die geringste en nederigste. Hy wat deur almal gedien word, is nie die grootste nie, maar hy wat almal se dienaar is. Vir naywer en jaloesie en die najaag van die hoogste range is in die koninkryk van die hemele geen plek nie, maar slegs vir diensbereidheid en nederigheid.[145]

Hy laat 'n kindjie tussen hulle staan en sê vir hulle dat hulle moet verander en soos die kindertjies word, anders sal hulle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie. Want elkeen wat homself verneder soos hierdie kindjie, is die grootste in die koninkryk van die hemele.

Dan gee Jesus 'n wending aan die gesprek. Hy praat van elkeen wat sulke kindertjies in sy Naam ontvang. Nou word die kind die voorbeeld van iemand wat swak en sorgbehoewend is. Hiermee wil die Here sê dat die diens wat

145 1 Pet. 5: 6 Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.

Hy verwag, daarin bestaan dat die swakkes en hulpbehoewendes ontvang moet word met dieselfde liefde en sorg as wat aan 'n kindjie bestee moet word.

## Verdraagsaamheid gevra

Toe Jesus praat oor kindertjies in sy Naam ontvang, verstaan die dissipels dat Hy nie net kinders bedoel nie, maar mense wat kinders in die dinge van die Here is. Johannes vertel dat hulle 'n man gesien het wat besig was om in die Naam van Jesus duiwels uit te dryf. Hy is egter nie een van die Here se volgelinge nie. Daarom het die dissipels hom as 'n buitestander beskou en hom aangespreek en belet om voort te gaan met wat hy doen. Die Here wys daarop dat iemand wat in sy Naam 'n kragtige daad doen, nie van Hom kwaad sal praat nie.

Dit is verkeerd dat die dissipels hom belet het om voort te gaan. Dit gaan nie om die vraag of hy "ons" volg nie, maar of hy Christus volg. Daarom moet daar verdraagsaamheid wees sodat die koninkryk bevorder kan word.

## Die plig van broederlike vermaning

Jesus begin praat oor die opbou van sy gemeente. Die onderlinge vrede moet bewaar word sodat die "kleintjies", die swakkes in die geloof, behoue kan bly.[146] Om dit te bereik, moet daar onder die broeders, dit wil sê in die gemeente, 'n ordereëling wees waarvolgens gehandel moet word. Die grondbeginsel is die vergewing van sondes en die behoud van die medegelowige.

As 'n broeder teen jou sondig, is daar verskillende stappe wat geneem moet word om die vrede te herstel en die broeder te behou. Eers moet jy die saak met hom gaan bespreek. Indien hy luister en die geskil bylê, het jy jou broeder opnuut aan jouself verbind en ook vir die gemeente behou. Indien hy egter nie gehoor gee nie, moet jy een of twee getuies saamneem, soos die wet bepaal,[147] en só meer invloed op die broeder uitoefen om die geskil op te los. Indien hy egter nog nie gehoor gee nie, moet die hele gemeente daarby betrek word.

---

146 Rom. 14: 19 Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien.

147 Deut. 19: 15 Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees.

Dit gaan om die welstand van die gemeente en daarom moet die gemeente meewerk om die een lid te behou. Indien hy verder volhard in sy onversoenlikheid, moet hy beskou word as 'n heiden en 'n tollenaar, dit wil sê: as uitgesluit uit die gemeente, hoewel tog nog 'n voorwerp van gebed en evangelisasie.

## Vergewe mekaar se sondes

Hier in Kapernaum praat die Here baie met sy dissipels oor die koninkryk van die hemele. Hy sê aan hulle dat 'n mens na jou broer moet gaan as hy teen jou gesondig het en hom tussen julle twee moet bestraf. Petrus vra Hom of dit genoeg is wanneer 'n mens sy broeder wat teen hom sondig, sewe maal vergewe. Jesus antwoord dat jy hom sewentig maal sewe keer moet vergewe.

Daarmee laat Jesus goed verstaan dat dit nie 'n saak van hoevéélheid is nie, maar van hoedánigheid. By sy volgelinge moet die gesindheid wees om sonder tal te kan vergewe so dikwels as iemand met berou na hulle kom. Hierin moet hulle ook die gesindheid van die hemelse Vader openbaar. Hy vergewe sonder grens of perk.[148] Om dit te verduidelik vertel Jesus 'n gelykenis.

## Die onbarmhartige skuldeiser

'n Sekere koning wil met sy diensknegte afreken. Daar verskyn iemand voor hom wat tienduisend talente skuld. Aangesien hy nie kan betaal nie, beveel die koning dat hy, sy vrou en kinders almal as slawe verkoop word, en dat ook alles wat hy het, verkoop moet word. Sy skuld moet betaal word. Die dienskneg pleit om lankmoedigheid en beloof om te betaal. Hy weet egter, en ook die koning weet, dat hy nooit so 'n enorme bedrag sal kan betaal nie. Toe kry die koning hom jammer en onthef hom van die betaling van die volle bedrag.

Hierdie dienskneg gaan toe daar weg en kry 'n ander dienskneg wat honderd pennings aan hom skuld. Dadelik gryp hy hom aan die keel en sê dat hy sy skuld moet betaal. Hoe die ander kneg ook al pleit, hy wil hom nie genadig wees nie en laat hom in die gevangenis opsluit. Toe sy heer dit hoor, word hy baie kwaad en gee hom oor aan die pynigers totdat hy sy skuld sal betaal het. Netso sal die hemelse Vader aan elkeen doen wat nie sy broeder van harte vergewe nie.

148 Ef. 4: 32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

## Op pad na Jerusalem

Jesus bly nie lank in Kapernaum nie. Die volk is teleurgesteld dat Hy Hom nie as koning wil laat uitroep nie. Die invloedryke Fariseërs en skrifgeleerdes word al hoe meer uitdagend en veel van sy dissipels verlaat Hom. Die Loofhuttefees staan voor die deur en die Jode trek op na Jerusalem.

Jesus se broers kom sê vir Hom om na Judea te gaan, sodat sy dissipels daar ook sy werke kan sien. As Hy so onopgemerk rondswerf, sal die mense Hom nooit as Messias erken nie! Sy broers het ook maar soos die ander Jode verwag dat Hy 'n aardse Messias sal wees. Maar Jesus antwoord dat hulle na hierdie fees kan gaan. Hy gaan nog nie op na die Loofhuttefees nie, omdat sy tyd nog nie daar is nie.

Ná sy broers se vertrek bly Hy nog in Kapernaum agter. Later vertrek Hy egter in die geheim met 'n ander pad na Jerusalem. Die Here wag op die deur God bestemde tyd van sy lyding en loop dit nie vooruit nie.

## 'n Samaritaanse dorp weier huisvesting

So verlaat Jesus vir die laaste maal Kapernaum en reis na die suide. Galilea sal Hy nie weer voor sy kruisdood besoek nie. Hy stuur boodskappers voor Hom uit om verblyfplek te kry. In 'n Samaritaanse dorp wil die mense Hom egter nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem gaan. Dit het sy dissipels Johannes en Jakobus baie kwaad gemaak. Hulle vra die Here of hulle vuur uit die hemel moet laat afdaal om die Samaritane te verteer, soos Elía ook gedoen het.[149]

Maar Jesus draai Hom om en sê dat hulle nie weet waarvan hulle praat nie, want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewens te vernietig nie, maar juis om dit te red. Daarop het hulle na 'n ander dorp vertrek. Ná die Pinkstergebeure sal Samaria weer die evangelie hoor[150] en dan sal baie gered word. [151]

---

149 2 Kon. 1: 10 Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer.

150 Hand. 1: 8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

151 Hand. 8: 5 en 6 En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig. En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen.

## Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 163 - 168 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 237 - 238 en 251 - 265 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 577 - 586 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 270 - 280 p.